# Les 9 DIE VERSKILLE TUSSEN DIE DAWIDS- EN ABRAHAMSBELOFTE BINNE DIE GENADEVERBOND

Kom ons maak ons Bybels weer oop by die samevattings van die Abrahams- en die Dawidsbeloftes!

## 1. <u>’n Huis is ’n huis, en ’n munisipaliteit ’n munisipaliteit</u>

Dit is belangrik om te weet ’n huis is ’n huis, en ’n munisipaliteit is ’n munisipaliteit! In ’n huis woon ’n mens saam met ander mense en jy doen wat in ’n huis gedoen moet word. Jy bad, eet, slaap, leer en kuier in ’n huis – dit is saamwoon.

In ’n munisipaliteit het jy eintlik niks te doen nie. Dit is nie jou plek nie. Dit is die burgermeester en raadslede se plek, met hulle werkers. Hulle moet vir alles sorg sodat jy in rus en vrede in jou huis kan woon.

Jy kan nie eet, slaap, bad of kuier in die munisipaliteit nie, en die munisipaliteit kan nie in jou huis hulle werk kom doen nie.

Daarom is dit belangrik om te weet ’n huis is ’n huis, en ’n munisipaliteit is ’n munisipaliteit.

Dit is net so belangrik om te weet hoe verskil die Dawids- en die Abrahamsbeloftes van mekaar.

Want deur die Abrahamsbeloftes leef ons saam met God, maar die Dawidsbeloftes het eintlik niks met ons te doen nie. Dit is die beloftes vir die een wat die kerk van die Here moet bou, regeer en instandhou waarbinne God met ons saamwoon.

## 2. <u>Die inhoud van die beloftes verskil van mekaar</u>

Daar is nie een van die beloftes in die Abrahamsbeloftes wat dieselfde is as die Dawidsbeloftes nie. So maklik is die verskil! Kom ons kyk na die tipe beloftes in elke deel. Kyk of julle die name van die beloftes kan koppel aan die teksgedeeltes waarbinne hulle genoem word in Esegiël 36: 24-36 en 2 Sam. 7: 8-17.

| **<u>Abrahamsbeloftes: Esegiël</u>** | **<u>Dawidsbeloftes: 2 Samuel 7</u>** |
|---|---|
| 1.Die bymekaarmaak/vergader-belofte. | 1.Die belofte dat die Here ’n herder vir sy volk sal wees. |
| 2.Die nuwe merktekenbelofte. | 2.Die rus-en-vredebelofte van vyande. |
| 3.Die skoon/heelmaakbelofte. | 3.Die belofte van koningsgesag en ’n koningsposisie. |
| 4.Die wedergeboorte (nuwe hart) -belofte. | 4.Die belofte dat die koning twee Vaders sal hê en vir twee persone Seun sal wees. |
| 5.Die nuwe regeringswysebelofte | 5.Die belofte dat die koning die huis sal bou |
| 6.Die saamwees/woonbelofte | 6.Die belofte dat die koning ’n regering sal hê wat sal werk. |

7.Die “behoort”/aanneembelofte. 7.Die belofte dat die koning se regering vir altyd sal wees.
8.Die redding/vryheidsbelofte.
9.Die versorgingsbelofte.
10.Die nuwe gehoorsaamheidsbelofte.

Hierdie verskil in beloftes maak dat ons maklik kan weet met watter belofte ons te doen het wanneer ons een van die beloftes in die Bybel raaklees.

Dit werk soos die verskillende kamers binne-in die munisipaliteit en ’n huis. As jy skielik in ’n badkamer staan – hoe weet jy of jy in ’n huis of ’n munisipaliteit is?

Dit is maklik! Huise het badkamers, nie munisipaliteite nie. Net so, as jy skielik binne ’n groot raadsaal staan, hoe weet jy of jy in ’n huis of munisipaliteit is? Dit is net so maklik! Munisipaliteite het raadsale, nie woonhuise nie.

Hierdie metode kan ons baie help met Bybellees. Om Bybel te lees, is baie soos om geblinddoek in ’n plek in te loop en dan skielik die blinddoek af te haal. Jy maak die Bybel oop op ’n plek wat 2000 jaar gelede geskryf is deur iemand wat jy nie eers weet wie hy was of waar hy gebly het nie: Amos, Jesaja, Jeremia, Hosea, Miga, e.a.

Hoe moet jy nou weet waaroor skryf hy?

Dit is eintlik baie maklik! Hulle almal preek en getuig oor die Here se twee verbonde: die wetsverbond en die genadeverbond. Almal van hulle preek en getuig oor die twee dele van die genadeverbond van die Here.

So, omdat die beloftes so verskil van mekaar soos die kamers van huise en die munisipaliteit, kan jy net kyk in watter kamer/belofte jy is, en dan sal jy dadelik kan sê oor watter verbond, en oor watter deel van die genadeverbond dit gaan.

Ons sal dit nog baie met mekaar oefen.

**3. <u>Die persone aan wie die beloftes gemaak word, verskil van mekaar</u>**

Nog ’n baie maklike verskil is om net te kyk aan wie die belofte gemaak word. Die Abrahamsbelofte word aan Abraham en Abraham se nageslag gemaak: *“Ek bring ’n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is ’n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.”* (Genesis 17:7)

Daarom gaan dit in hierdie belofte oor baie mense wat deel is van die belofte. Die beloftes word aan die volk, die kerk – al die kinders van die Here gemaak.

Die Dawidsbelofte word nét aan Dawid en één seun van Dawid gemaak. Kyk weer na 2 Sam. 7: 12: *“Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom ’n bestendige koningskap gee.”*

Hierdie belofte word nie aan Abraham gemaak nie. Dit word net aan Dawid gemaak. Die belofte van koningskap is ook net vir een – één seun van Dawid. Dit is nie vir die hele volk, vir baie seuns nie.

**4. <u>Die tipe verhouding met God verskil van mekaar in die beloftes</u>**

Kyk na vers 28 in Esegiël 36: *"... julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees."* Die verhouding in die Abrahamsbelofte is 'n volk-en-God-verhouding. God het nooit in hierdie belofte 'n een-een-verhouding met mense nie. Die mense is sy volk, en jy is een van die volk wat die Here liefhet. God is God vir die hele volk, nooit net vir jou nie.

Dit gaan saam met die woonbelofte. Ons is kinders van die Here wat saam met mekaar in een huis woon: die kerk. Die Here het ons as lidmate van die kerk lief. Hy is Here en God van sy kerk, waarvan ons lede is. God het ons nooit een-een lief buite die kerk nie.

Die verhouding in die Abrahamsbelofte is altyd – volk en God.

By die Dawidsbelofte is dit baie anders. Hier is dit glad nie 'n volk-en-God-verhouding nie. Kyk weer na 2 Sam. 7: 14: *"Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir my 'n seun wees."* Hierdie is 'n een-een-verhouding. Net één seun van Dawid sal hierdie tipe verhouding met God hê, niemand anders nie: hy sal vir God Seun wees en God sal sy Vader wees.

**5. <u>Dit wat die beloftes die mense laat doen wat die beloftes erf, verskil</u>**

Wat gaan die beloftes die seun van Dawid laat doen?

2 Sam. 7:12 en 13: *"Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee [13] Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortgestaan."*

Hierdie beloftes van God gaan maak dat die seun van Dawid twee dinge doen:
1. Hy gaan koning wees. 'n Koning regeer.
2. Hy sal die kerk bou en ook instandhou deur sy regering.

Wat gaan die volk doen deur die beloftes van die Here?

Esegiël beskryf dit in verse 31 en 38 in hoofstuk 36: *"[31] Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie, en julle sal 'n afsku hê van julle self oor julle sonde en julle afskuwelike dade ... [38] Dan sal Israel besef dat Ek die Here is."*

Die Abrahamsbeloftes maak dat die lidmate van die kerk besef wie God is: hulle ken God as God in sy almag, sy soewereiniteit, sy andersheid, sy goedheid en barmhartigheid. Dit gebeur nie by mense wat nie deel in die Abrahamsbeloftes nie. Hulle kan nooit besef wie God regtig is nie.

Dit maak ook dat lidmate van die kerk hulle van hulle sondes bekeer en besef hoe diep sondig hulle regtig is. Dit bring ’n nuwe gehoorsaamheid en liefde vir God, omdat ons regtig besef wie Hy is.

Dit is groot verskille: die Seun van Dawid kom nie tot bekering nie, Hy regeer as Koning. Hy is ook nie iemand wat moet besef wie die Here van die kerk is nie. Hy is self die Here wat die kerk bou en instandhou.

**6. <u>Die twee beloftes verskil oor gehoorsaamheid en straf</u>**

In die Abrahamsbelofte vra die Here geen gehoorsaamheid van ons om in die beloftes te deel nie. Hy laat sondaars wat afgode dien, harte vol sonde het en onrein is – deel in sy beloftes.

Daar is ook geen straf vir sondes in die Abrahamsbelofte nie. Die Here straf nie die sondes van die volk nie. Hy vergewe dit.

Met die Seun van Dawid gaan dit baie anders in die Dawidsbelofte. 2 Sam. 7:14: *“Ek sal vir hom ’n vader wees en hy sal vir my ’n seun wees. As hy ontrou is, sal ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. 15 Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie.”*

Hierdie is ’n snaakse belofte. Die Here beloof dat Hy die Seun van Dawid sal straf en kasty as hy ongehoorsaam is. Hy sal nie vergewe word nie. Dit is die een kant. Die ander kant is dat, al straf die Here hom, sal Hy getrou bly om hom koning te laat bly.

Dit is heeltemal anders in die Abrahamsbelofte waar die Here die volk se sondes vergewe, hulle nie straf nie, en hulle ook nie hoef gehoorsaam te wees om deel van die Here se beloftes te wees nie.

**7. <u>Opsomming:</u>**

1. Die Dawidsbelofte verskil van die Abrahamsbelofte.
2. Dit is verskillende tipes beloftes.
3. Die Abrahamsbeloftes is vir almal wat nageslag van Abraham is.
4. Die Dawidsbelofte is net vir een seun van Dawid.
5. Die seun van Dawid het ’n vader-seun-verhouding met God, terwyl ons ’n volk-God-verhouding met die Here het.
6. Die Abrahamsbeloftes maak dat ons besef wie God is en Hom gehoorsaam.
7. Die Dawidsbelofte maak dat een seun van Dawid die kerk bou en regeer.
8. In die Abrahams belofte vra God geen gehoorsaamheid om in die beloftes te deel nie, en straf ons ook nie.
9. In die Dawidsbelofte moet die een seun van Dawid gehoorsaam wees en sal hy wel gestraf word.

**8. <u>Oefening:</u>**

1. Lees Psalm 89 verse 4 en 5, 19 tot 38 en Psalm 51.
2. Kyk of jy kan sien hoe verskil die beloftes van die Here in Ps. 89 van die beloftes van die Here in Ps. 51!